

Die simboliek van die sondebok

Die boodskap is baie duidelik. Net deur 'n bloedoffer kan daar ware versoening tussen die Almagtige God en die sondaarmens kom. In hierdie hoofstuk moes Aäron as die hoëpriester op die jaarlikse versoendag eers vir homself en die priesters 'n sondeoffer en 'n brandoffer bring. Hierna moet die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar met die bloed van die sondeoffers gereinig word. As 'n simboliese reiniging van die volk se sondes is hierdie bloed op al hierdie plekke gesprinkel. Die brandoffers is in hulle geheel as offers aan God verbrand. Dan was daar die "sondebok". Die sondes van die volk is oor hierdie bok se kop afgekondig en dan simbolies op hierdie bok se kop geplaas. Hierna is die bok die woestyn in weggejaag "vir Asásel", dit wil sê "vir Satan". Die volk het toegekyk hoe die "sondebok" hulle sondes uit hulle midde wegneem. Hulle is deur offerbloed gereinig en deur die "sondebok" van hulle sondes bevry.

In hierdie kosbare simboliek sien ons reeds die skaduwee van die kruisgebeure van Golgota. Jesus Christus is die enigste ware Hoëpriester wat nie nodig gehad het om eers vir homself versoening met God te bewerk nie, maar wat met sy eie kosbare bloed ware en ewige versoening met God bewerkstellig het. Sy volkome bloedoffer aan die kruis het die voorhangsel laat oopskeur, sodat daar nou vrede met en vrye toegang tot die Almagtige God is. Hy het as "sondebok" ons sondeskuld weggeneem, sodat ons vrygespreek en gereinig voor God mag staan.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4, 5

Ds Naas Ferreira (Rietvallei)